

Dinsdag 25 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 12:4-7 (AFR83/AFR2020)

Fokusgedeelte: Lukas 12:5

Jesus waarsku sy geliefdes oor wie gevrees moet word

Ons lees hier dat Jesus sommige mense sy vriende noem. Die oorspronklike woord is “*philois*”, met ander woorde ook “*geliefdes*”. Wanneer God ons só aanspreek, behoort mens geborge te voel.

Christus waarsku hier sy geliefdes om niemand te vrees nie, selfs nie al word daar met die dood gedreig nie. Vrees is ’n natuurlike menslike emosie wat ons elkeen dikwels beleef. Jy wil vlug óf aanval, wegkruip óf veg om jouself of geliefdes te beskerm. Vrees laat ons bedreig en onseker voel en is dikwels die oorsaak van verkeerde keuses en besluite in ons lewe.

Jesus leer sy geliefdes dat hulle nie mense moet vrees nie, maar eerder Hom wat nie alleen fisies kan doodmaak nie, maar ook die mag besit om iemand selfs na die dood oor te lewer om vir ewig gepynig te word in die hel! Daar is dus gesonde en ongesonde vrees. Die gesonde vrees vir God is egter anders. Dit is ’n eerbiedige ontsag wat lei tot gehoorsaamheid en dankbaarheid vir sy verlossing en liefde deur sy Seun. Hierdie gesonde vrees lei tot gesonde keuses en besluite.

Die wat só vrees, sal vervolgd word, soos Jesus deurentyd waarsku. Maar ons kan troos vind daarin dat God Drie-enig weet van alles wat op die aarde gebeur. Selfs hoeveel mossies gevang, verkoop en gedood word vir voedsel aan die armes. Hy vergeet nie één van hierdie eenvoudige geveerdes nie en sal ook nie van jou vergeet nie. Hy weet selfs hoeveel hare jy het en hoeveel vandag en more gaan uitval.

Hy sal ons vervolgers vergeld en ons bekragtig met sy Gees in tye van vyandskap, stryd en selfs moord (2 Tim. 1:7). As geliefde gelowiges leef ons vir ewig en niemand kan ons skei van sy liefde vir ons nie (Rom. 8:39).

Sing: Psalm 84-1:1, 2, 3

Ds. GA (Regardt) Venter (Krokodilrivier/Brits)